

# SA SPOORWEGKOLLEGE

# ONTSTAAN EN GESKIEDENIS







## ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN DOELSTELLING VAN DIE SPOORWEGKOLLEGE

Die Spoorwegadministrasie het gedurende 1939 besluit om 'n sentrale opleidingsentrum daar te stel sodat spoorwegdienare, veral diegene wat regstreeks verantwoordelik is vir die doeltreffende vervoer van passasiers en goedere, behoorlik opgelei kan word. Die hoeksteen van die sierlike sandsteengebou naby Kaalfonteinstasie wat vandag bekend staan as die Spoorwegkollege, Esselenpark, is op 10 Desember 1943 gelê deur die destydse minister van Vervoer, Sy Edele F. C. Sturrock.

Die Spoorwegkollege is gebou teen 'n koste van ongeveer R5,300,000. Dit is 'n pragstuk van argitektoniese skoonheid. Die grys sandsteengeboue met lang suilegange en rooibruin marmervoorportale, saamgesnoer deur rustige grysswart leiklipdakke en omring deur goedversorgde grasperke, blombeddings en sportvelde waar die vernaamste sportsoorte beoefen kan word, vorm 'n harmonieuse eenheid.

Die hoofdoel van die Spoorwegkollege is natuurlik om die spoorwegman behoorlik op te lei vir sy besondere taak. Om dit te kan doen, word die teorie sover moontlik by die praktyk aangepas. Die werksaamhede is egter nie beperk bloot tot funksionele opleiding nie. Daar word terselfdertyd toegespits op die vorming van die werker as mens sodat hy sy plek in die samelewing, sowel binne as buite sy werk, op 'n waardige wyse kan vul. Doeltreffende diens aan en hoflikheid teenoor die publiek, werkywer, dienstrots en gesonde dissipline is grondbeginsels wat by elke student ingeskerp word. Kulturele en geestelike belange word ook voortdurend bevorder. Kultuuraande, konserte en rolprentvertonings word gereël, en kerkdienste word elke Sondag gehou.

Die Kollege huisves ongeveer 850 studente en daar word gewoonlik drie tot vier kursusse per jaar gehou in die volgende vakke:

(*a*) Stasierekenings vir klerke en stasievoormanne;
(*b*) Tydberekening en betaalstaatpligte vir klerke;
(*c*) Treinbedryf vir klerke en kwekelingstasievoormanne;
(*d*) Kondukteurspligte en Kaartjiesondersoekerspligte vir kwekelingkondukteurs, kwekelingkaartjies-ondersoekers en rangeerders;
(*e*) Laaimeesterspligte vir kwekelinglaaimeesters;
(*f*) Drywerspligte (stoom en elektries) vir stokers en drywersassistente;
(*g*) Baanmeesterspligte vir assistent-baanmeesters en ploegbase;
(*h*) Bestuurderspligte (padvervoerdiens) vir kwekelingbestuurders.

Benewens hierdie groepe personeel, word rekrute (sowel blank as nie-blank) vir die Spoorwegpolisiemag, asook kwekelingkokke, tegnikusse, en vakleerlinge in die ambagte kommunikasie-elektrisiën, elektrotegniese passer en skaalpasser ook aan die Kollege opgelei. Die meeste van die dienare wat kursusse aan die Kollege bywoon, ontvang ook opleiding in noodhulp, higiëne en brandbestryding. Die totale getal studente wat jaarliks opgelei word, kom op ongeveer 2,600 te staan. Aan die end van 1961 het altesaam meer as 35,000 dienare opleiding aan die Spoorwegkollege ontvang d.w.s. byna 'n derde van die huidige blanke personeelsterkte.

In die afgelope tyd word die Kollege ook dikwels gebruik vir gespesialiseerde opleiding. Jong ingenieurs kry hier spesiale opleiding om hulle vertroud te maak met die organisasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en sy werkmetodes. Onderoffisiere in die Spoorwegpolisiemag deurloop hier 'n spesiale opknappingskursus, en kursusse in menseverhouding, inlywing en voorligting, leierskap, veiligheid en ander verwante vakke word periodiek gehou vir toesighouers. Toekomstige administratiewe amptenare wat vooraf spesiaal gekeur word, ontvang ook hier opleiding in 'n groot verskeidenheid vakke om hulle kennis te verbreed en hulle insig te verdiep. Hierdie opleiding behels nie net al die aspekte van vervoerwese nie, maar ook vakke soos ekonomie, handel, finansies, moderne bestuurstegnieke, ens.

Die Spoorwegkollege is 'n volledig toegeruste inrigting met lesingkamers, kantore, eet- en slaaplokale, kombuis, werkwinkels, gimnasium, biblioteek, bioskoopsaal, biljartkamer en woonhuise vir die instrukteurs en die administratiewe personeel. Daar is ook 'n demonstrasiegebou volledig toegerus met die verskeie soorte treinbeheerapparaat en miniatuurtreinspore, waar die betrokke studente prakties opgelei word in Treinbedryf. Hierdie gebou is 'n geskiedkundige staal- en glasstruktuur wat vir meer as 'n halfeeu deel was van die Johannesburgse stasie en wat uit die dae van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek dateer. Die gebou is 500 voet lank en verskaf onderdak aan 'n hele miniatuurspoorweg. Dit is ontwerp deur ene J. F. Klinkhamer van Amsterdam en is deur die Z.A.S.M. gekoop en stuksgewys na Suid-Afrika gebring gedurende Mei 1896 tot Mei 1897, en op Johannesburgstasie opgerig waar dit in 1952 afgebreek en na die Kollege oorgeplaas is.

Die personeel van die Spoorwegkollege Esselenpark bestaan uit 'n prinsipaal, mnr. H. P. J. Lyell, B.A. (S.W.), B.Com., N.H.O. Sert., 'n vise-prinsipaal, mnr. P. J. P. Ackerman, M.A., H.O.D., 'n registrateur, nege afdelingshoofde en 60 instrukteurs. Die instrukteurs is almal spesiaal gekeurde amptenare wat aan die Kollege opgelei is in die metodiek van onderrig. Daar is ook 'n aantal klerke, tiksters, hoofkelners, kokke en nie-blanke arbeiders.



